REFO 500: Dr. Pieter se besoek aan Lutherstad Oktober 2017

'n Pelgrimstog . . . . Via Frankryk (waar Calvyn gewerk het), na Duitsland. Dié land se sprokiesmooi platteland. My afklimpunt was Wittenberg (in Duitsland bekend as Lutherstad). Luther se werkplek en kerkplek.

DIE GELEENTHEID:

- Die 500 jaar herdenking van die reformasie van die jaar 1517.
- Die internasionale konferensie van die World Reformed Fellowship (WRF).

MY WERK IN WITTENBERG:

- Ek het in die Luther Hotel tuisgegaan. Die WRF konferensie is ook in die Hotel gehou. Teoloë vanoor die hele wêreld. Lesings van hoogstaande gehalte. Wêreld en wêreldlande. Kerkleiers vanoor die ganse aarde. Maar almal in Christus een. Almal met 'n fokus op die waarheid.
- Op grond van een spesifieke lesing het ek onder die indruk gekom van die groot genade van die Here. Ek gaan verduidelik: Luther het reformerend gedink en begin doen nie in die eerste plek om 'n Kerkhervorming te bewerkstellig nie maar om sy eie lewe te hervorm. En die Here gebruik 'n klein mensie te lewensdenke in Sy diens. En die gevolg?
    - ✓ **Sola fide** (Net geloof)
    - ✓ **Sola Gratia** (Net genade)
    - ✓ **Sola Scriptura** (Net die Bybel)

- ✓ **Solus Christus** (Net Christus)
- ✓ **Soli Deo Gloria** (Net aan God die eer)

Die Rooms Katolieke Kerk skud tot in haar fondamente. Romeine 1:17 kry die betekenis wat die Here God daarmee bedoel het.

NET GELOOF (met die geloofsboek – God se Woord) in die hande van die Kerkvolk.

MY RONDSTAP IN LUTHERSTAD:

Ek kon in Lutherstad rondstap.

- Luther se huis
- Luther se kerk

— In die strate waar Luther geloop het.

En 31 Oktober 2017 in Lutherstad (Wittenberg). Die Klokke lui. Die dorpie word stil. God regeer. Die Here sorg. Kerk op aarde!

MY HARTLIKE DANK:

- ♥ Aan die Kerkraad van Montanapoort. In 'n laattyd van my bediening het julle my droom waar gemaak. Alleen op koers. Ure in die lug. Dae op land. My liefde vir die Kerk en die Reformasie. Die Gereformeerde leer . . . . . dinamies en tydgerig te mag uitleef en te mag preek.
- ♥ Aan die Montanapoorters. Dankie vir julle geloof en liefde.

SOLI DEO GLORIA

Dr. Pieter